PBO no. 930006882 • Dundalklaan 13, Parkview, Johannesburg, 2193
Telefoon 087 164 0098 • WhatsApp 066 255 2048 • e-pos kerkkantoor@parkkruin.co.za

# NG Gemeente Parkkruin Familiekerk

# Verwelkomingsdokument

Welkom by NG Parkkruin Familiekerk – ons hoop jy voel sommer tuis!
Ons hoop om hier by Parkkruin vir jou 'n geestelike tuiste te skep waar jou geloofsreis sal verdiep.
Waar jy met God sal kan ontmoet, in jouself dieper sal kan groei, en met mekaar sal kan deel wie Jesus Christus is.

Gebruik asseblief hierdie dokument om inligting te kry oor enige faset van ons gemeente waarin jy belangstel of vrae oor het. Indien jy steeds vrae het, kontak gerus ons Gemeentekoördineerder of ons Leraar. Dis vir ons lekker om met mense soos jy te gesels!

## Inhoud:

1. Wat glo ons?
2. Ons Kenteken
3. Ons Erediens
4. Parkkruin Kreatief
5. Jeugbediening
6. Kerkraad
7. Raak Betrokke
8. Kalender
9. Gemeente Fondse
10. Dankfees
11. Personeel
12. Ons Leraar
13. Kontak Ons

## 1. Wat glo ons?

Parkkruin Familiekerk is 'n Nederduits Gereformeerde gemeente. Dit wil sê ons staan in die Gereformeerde tradisie waar die Bybel 'n sentrale plek inneem. Ons geloof word uitgedruk in die drie formuliere van eenheid, nl. Die Heidelbergse Kategismus, Nederlandse Geloofsbelydenis en Dordtse Leerreëls. (Laai dit gerus hier af)

Ons geloof word ook opgesom in die Apostoliese Geloofsbelydenis:

### Apostoliese Geloofsbelydenis

1. Ek glo in God die Vader, die Almagtige, die Skepper van die hemel en die aarde.
2. En in Jesus Christus, sy eniggebore Seun, ons Here;
3. wat ontvang is van die Heilige Gees, gebore is uit die maagd Maria;
4. wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is, gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het;
5. wat op die derde dag weer opgestaan het uit die dode;
6. wat opgevaar het na die hemel en sit aan die regterhand van God, die almagtige Vader,
7. van waar Hy sal kom om te oordeel die wat nog lewe en die wat reeds gesterf het.
8. Ek glo in die Heilige Gees.
9. Ek glo aan 'n heilige, algemene Christelike kerk, die gemeenskap van die heiliges;
10. die vergewing van sondes;
11. die opstanding van die vlees
12. en 'n ewige lewe.

## 2. Ons Kenteken

Ons kenteken vertel wie ons is. Dit is die vooraansig van die kerkgebou met 'n bietjie simboliek daarby. Ons vind ons is op ons beste wanneer ons dinge **saam** doen. Daarom probeer ons, in 'n individualistiese verbruikerskultuur-stad, om soveel as moontlik saam te wees, heerlik te kuier en opreg om te gee.

Die loodglas panele op die kenteken is verskillende kleure en vorms en dui op diversiteit, maar rondom die **kruis van Jesus** kry elkeen 'n plekkie om in te pas.

Ons glo dat God se lig uniek deur elkeen van ons skyn. Ons glo ook, in ‘n oppervlakkige wêreld van kitsantwoorde en -oplossings, word ons geroep om **dieper** te gaan. Ons wil die Bybel en God se boodskap so diep as moontlik bestudeer en leer ken en dan toelaat dat dit ons diepste binnekant verander en heel maak. Die **boom** op die kenteken herinner ons daaraan dat ons diep wortels moet hê. Dit vertel ook sommer iets van die pragtige Parke-area waarbinne ons gemeente ook geleë is.

Die **kerktoring** wil ‘n landmerk wees wat rigting gee vir mense wat verdwaal. Dit wil ons aandag na Bo rig. Die toring in ons kenteken steek ‘n grens oor en herinner ons dat ons getuienistaak dikwels vra dat ons nie te geheg moet wees aan ons veilige gemaklike kring nie, maar ook die evangelieboodskap na ‘buite’ neem. In die agtergrond, in teenstelling met die kleurvolle gemeente, is die grys stadsgeboue met sy duisende kantoorliggies vol van mense wat probeer sin maak van hulle lewe en die lig van Jesus nodig het.

Ons gebed is dat ons gemeente hierdie roeping waardig mag wees.

## 3. Ons Erediens

Ons streef daarna dat die volgende eienskappe kenmerkend van ons erediens sal wees:



- God is die fokus.
- Die Bybel word uitgelê.
- Die Evangelie word gehoor.
- Doop en nagmaal word bedien.
- Kinders en babas word gehoor.
- Klassieke en kontemporêre musiek word gespeel.
- Elkeen voel tuis – ongeag kleure, klere, ouderdom of sondige geneigdheid – ons almal is radikaal afhanklik van God se genade in die skadu van die Kruis.

## 4. Parkkruin Kreatief

Parkkruin Kreatief is die bedieningsgroep vir kreatiewe mense wat hou daarvan om mooi te maak.

Musiek en Dekor is die twee fokusareas. Die musiekgroep oefen op Donderdagaande. Enigeen wat ‘n instrument kan bespeel of kan sing word aangemoedig om met hul gawes te kom dien. **Beginners is veral ook welkom – ons groei saam!**

Die Dekor-span bespreek op ‘n WhatsApp-groep wat hulle wil doen. Dekor word gedoen per die erediens behoefte & kerkkalender, vir spesiale geleenthede, nagmaal en funksies. **Enigeen is welkom om in te skakel by die Dekor-span.**

(Ons benodig ook soms die manne se hulp om vir ons iets te bou of ‘breek’ ook 😉 )

## 5. Jeugbediening

Na ‘n kindermoment in die erediens word kinders genooi om die kinderkerk by te woon. Hier word telkens ‘n verhaal uit die Kinderbybel gelees en dan word die kinders gelei om op ouderdomsgepasde wyse met die teks om te gaan.

**Groeigrondjies (Kleuterfase tot en met Gr.R):** Die kinders luister saam na die Kinderbybel verhaal en kry dan ‘n aktiwiteit om te doen. Ouers van die kinders maak beurte om dit te lei. *Kinders jonger as 4 moet asseblief deur 'n ouer vergesel word.*

**Woordwortels (Gr.1-6):**

**Gr. 1 - 2:** "Wat het in die storie gebeur?" "Waarvan het jy gehou?" "Wat het jy nie verstaan nie?" Mentor probeer kortliks van toepassing maak op ons lewens.

**Gr. 3 - 4:** "Wat het in die storie gebeur?" "Waarvan het jy gehou?" "Wat het jy nie verstaan nie?" "Wat het jy van God raakgesien in die verhaal?" "As dit is hoe God is, hoe dink jy moet ons dan wees?"

**Gr. 5 - 6:** "Wat het in die storie gebeur?" "Waarvan het jy gehou?" "Wat het jy nie verstaan nie?" "Wat het jy van God raakgesien in die verhaal?" "As dit is hoe God is, hoe dink jy moet ons dan wees?" *Vrae is op 'n bladsy getik en daar is plek waar hulle kan invul. Die kinders kry 'n leêr waarin al hulle werkies gebêre word. Ouers kan na afloop van die kwartaal daarna kyk.*

Register word vir elke groep gehou en elke kind wat ten minste 20 sessies deur die jaar bygewoon het ontvang 'n eremerk op hul Geloofsboom. Kinders wat net 5 of minder sessies gemis het ontvang 'n spesiale geskenkie aan die einde van die jaar.

**Tienertakke (Gr.7-11):**

**Gr. 7 – 10:** Geloofsoordrag is in die eerste plek die verantwoordelikheid van die ouers. Ons bied kategesemateriaal wat ouers weekliks saam met hul kinders kan deurwerk.

Ons het ook in die erediens 'n kategese-oomblik waarin ons hoofsaaklik op die Belydenisskrifte van die kerk fokus. Tieners kan na afloop van die erediens die register in die raadsaal teken en die teenwoordige mentor enige vrae vra wat tydens die erediens by hul opgekom het. Daar is nie formele kategese na kerk nie.

Elke tiener wat ten minste 25 eredienste (fisies of per stroomdiens) bygewoon het, word aan die einde van die jaar daarvoor erken.

Ons onderneem om maandeliks 'n sosiale geleentheid vir die tieners aan te bied.

**Belydenisjaar:**

Enigiemand wat alreeds 25 eredienste bygewoon het en gereed voel daarvoor, kan inskryf vir die Belydenis-program wat bestaan uit 'n aantal sessies en een konferensie. Na afloop van die kursus doen die persone openbare belydenis van hul geloof tydens 'n spesiale erediens.

## 6. Kerkraad

Die kerkraad van die NG Kerk is die plaaslike regerende liggaam van 'n gemeente, verantwoordelik vir die geestelike en administratiewe leiding van die gemeente. Parkkruin se kerkraad bestaan uit genomineerde en verkose gemeentelede. Nominasies word na die kerkkantoor gestuur of word per geleentheid tydens eredienste op nominasievorm ingevul, waarna daar tydens 'n kerkraadsvergadering tyd in gebed en gesprekvoering spandeer sal word, voor persone verkies word tot die kerkraad. 'n Termyn op die kerkraad duur 2 jaar, met 'n moontlikheid van herverkiesing vir nog 2 jaar; 4 Jaar maksimum. Jaarlikse verkiesing van die Voorsitter en Ondervoorsitter vind plaas tydens die November kerkraadsvergadering.

Die kerkraad bepaal, saam met die predikant, hoe die gemeente se roeping uitgeleef word en is verantwoordelik vir die bestuur en die versorging van die geloofsgemeenskap.

Kerkraad Portefeuljes:

- Admin en Skakeling
- Barnabas-kommissie
- Dagbestuur
- Diensverhoudinge
- Erediens & Gebed
- Fasiliteite en Eiendomme
- Finansies
- Fondsinsamelings
- Gasvryheid
- Jeugbediening
- Jong Volwassenes
- Leraarversorging

## 7. Raak Betrokke:




Kommissie- en bedieningsvergaderings word intensioneel, kwartaalliks geskeduleer. Enige gemeentelid is welkom om enige kommissie- of bedieningsvergadering by te woon. Kontak gerus die betrokke persone soos op die kerkraad aangedui, of besluit op die ingewing van die oomblik en kom sit in en sien wat ons doen. Hou die afkondigings op die gemeente se WhatsApp-groep dop of kyk op die gemeente se kalender.

Huidige Groepe:

- Dissipelskap, Mannegroep en Senior Groep

## 8. Kalender

Volg die skakel vir die gemeente se kalender in PDF formaat. (Kalender)

# KERKRAAD

saam • dieper



VOLTYDSE LEERAAR
Ds Kobus Stapelberg
kobus@parkkruin.co.za
076 164 0548



KERKRAADVOORSITTER
Roux Du Toit
rouxdt@outlook.com
083 265 5050



LEERAAR VERSORGING
Dirk Klopper
dirk.rklopper@gmail.com
072 470 5603



ONDERVOORSITTER
Joe Oberholster
joe@northplan.co.za
082 854 8269



FINANSIES
Willem Els
elsjohannes62@gmail.com
063 170 5602



JEUGWERKER
Carien Swanepoel
carien@parkkruin.co.za
082 979 4194

# KERKRAAD

saam • dieper



**DIENSVERHOUDINGE**
Cobus Loots
cloots@paf.co.za
082 415 2032



**ADMIN & SKAKELING**
Anneke Schoeman
annekev@outlook.com
072 279 4168



**JEUG**
Veronica Rossouw
veronicarossouw@gmail.com
082 824 7198



**FASILITEITE & EIENDOMME**
Phillip Badenhorst
phillip@waterfall.co.za
084 406 2743



**GASVRYHEID**
Marlize Brand
marlize@vivosa.co.za
083 254 3732



**JONG VOLWASSENES**
Leney Malan
leneymalan@gmail.com
071 612 3287



**FONDSINSAMELINGS**
Frans Geldenhuys
fransgeldenhuys@hotmail.com
082 704 8237



**FINANSIES**
De Wet van der Spuy
dewetv@gmail.com
083 659 1146



**?**
Riaan Olwagen
riaanolla@gmail.com
072 026 4476

## 9. Gemeente Fondse

Maandelikse Dankoffers

- Die Fondsekommissie stel jaarliks 'n begroting op en deel dit met die gemeente nadat die kerkraad dit goedgekeur het. Elke kerkraad is verantwoordelik om hul eie begroting te bestuur en ontvang nie befondsing vanaf die Sinode, Ring of Regering/staat nie.
- Daar word ook kwartaalliks verslag gedoen tydens eredienste oor die werksaamhede en finansiële posisie van die gemeente is.

  Inkomstes bestaan uit:

  Maandelikse bydraes - 90% & Kollektes in die diens - 10%

  Fondsinsamelings en spesiale projekte soos die wynveilings word ook gebruik om spesiale projekte binne die gemeente te befonds of om die gemeente se kas aan te vul.

  Uitgawes behels:

  Salarisse, Maandelikse kostes soos elektrisiteit, vullisverwydering, sanitasie, skoonmaakmiddels en instandhouding. Administratiewe uitgawes vir alle kommissies en bedieninge en bemarking bv. weeklikse kategese benodighede. Kommissie-uitgawes soos Gasvryheid se sondag-tee en broodjies asook gasvryheid vir spesifieke geleenthede.

  En dan verpligte uitgawes aan die Sinode asook Ring.

**Maandelikse dankoffers & bydraes kan per;**

1. Elektronies (EFT)
2. Debietorder vorm teken
3. Zapper QR Kode
4. SnapScan QR Kode
5. Yoco kaartfasiliteit
6. Yoco betaalskakel

**Baie dankie vir jou bydrae! Mag die Here jou ryklik seën.**

SCAN TO PAY
zapper

**BANKBESONDERHEDE**

FNB

NG Gemeente
Parkkruin Familiekerk
Lopende rekening
62862050780
**Verwysing bv:** Bydrae, Dankoffer, 10de, Dankfees ens.

Snap here to pay
SnapScan

## 10. Dankfees wat deur ons Barnabas-kommissie bestuur word

Barnabas is ons gemeentekommissie wat omsien na alle projekte buite die gemeente en word befonds deur die Dankfees. Fondse word verdeel, versprei en aangewend volgens die totale inkomste ontvang vir die Dankfees-projek jaarliks. In Oktober elke jaar skop ons Dankfees-insameling af. Die Dankfees strek van Oktober tot einde Februarie en daar word elke jaar ŉ mikpunt in geloof gestel. Hierdie is 'n spesiale insameling wat **alle projekte BUITE** die gemeente befonds. In geloof word projekte elke jaar finansieel ondersteun

**Ons huidige Barnabas-projekte is:**

| | | |
|---|---|---|
| Abraham Kriel Kinderhuis<br><br>(Sinode) | Lumo Hawk (Oogtoetse en Brille) | REEA: Huis vir epilepsielyers |
| Brixton Gemeente – ECD<br><br>(Early Childhood Development) | MES - Johannesburg | Ring van Johannesburg-Predikanteversorging |
| Bybelverspreiding:<br><br>Bybelgenootskap & Gideons | Moeggesukkel NGO | Senior Groep – Bybelstudie en versorging |
| Gemeente uitreike: Kombersprojek | OKLM (Operasie-kas-leeg-maak) | VGK – Orange Farm |
| Jan Hofmeyer Gemeenskap & Sopkombuis | Parksorg: Tuiste vir bejaardes; Altzheimer afdeling en siekeboeg | Wesrand skole (Kinders vir kinders) |

* *OKLM:* Klere, speelgoed, goedere en nie-bederfbare kos kan ook geskenk word en afgelaai word by die kerk, waarna dit versprei word onder ons Dankfees-instansies.

**11.**

# PERSONEEL

saam • dieper



VOLTYDSE LEERAAR
Ds Kobus Stapelberg
kobus@parkkruin.co.za
076 164 0548



GEMEENTE KOÖRDINEERDER
Deonette van der Merwe
kerkkantoor@parkkruin.co.za
066 255 2048



JEUGWERKER
Carien Swanepoel
carien@parkkruin.co.za
082 979 4194



FINANSIËLE BEAMPTE
Eubré van der Merwe
finansiesb@parkkruin.co.za
083 309 1443



KOSTER & SKOONMAKER
Memory Mhlophe
078 615 5493



ORRELIS
Chris Boshoff
cboshoff2021@outlook.com
083 528 3588



TERREIN WERKER
Joshua Dube
084 709 9286

## 12. Ons Leraar



Kobus, Ilze, Frans-Dries en Addelé Stapelberg

## 13. Kontak Ons

- kerkkantoor@parkkruin.co.za
- 087 164 0098
- 066 255 2048
- @NGParkkruin
- Parkkruin Familiekerk
- www.parkkruin.co.za
- Dundalklaan 13, Parkview

